Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2013

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1 MEMORANDUM

**PUNTE: 80**

Hierdie memorandum bestaan uit 10 bladsye.

## AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word NIE gepenaliseer NIE, behalwe as die spelling die woordbetekenis verander.
- Spel-en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. Geen punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie.
- By vrae wat WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING vereis:
  - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING is KORREK = ✓ plus die
  - rede/motivering/aanhaling is KORREK = ✓
  - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING is korrek = ✓ maar die
  - Rede/motivering/aanhaling is VERKEERD = ×
  - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING vir die rede/ motivering is VERKEERD = × en die rede/motivering/aanhaling verdien nie 'n punt nie ongeag of dit die KORREKTE rede/motivering/aanhaling is.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word NIE GEPENALISEER indien die aanhalingstekens ontbreek NIE.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek MITS die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met: Die woord is ...
- By vrae wat een feit of punt of twee/drie feite/punte vereis en die kandidaat gee 'n hele reeks:
  - sien SLEGS die vereiste feit(e)/punt(e) na.
  - Indien die feit/(e)/punt(e) met merkies aangedui is, word die eerste antwoord(e) per merker nagesien.
- Indien 'n antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, woorde daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word soveel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

## VRAAG 1: KOERANTARTIKEL

Jobs het baie bly gemaak en miljoene geïnspireer

[Aangepas en Verwerk uit: *Volksblad*, 7 Oktober 2011]

| VRAAG | MEMORANDUM | | PUNT | LU | AS | DENK-VLAK |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.1 | D/ouerpare wat iemand ander se kind as hulle eie neem/grootmaak. | | 1 | 2 | 3 | 2 |
| 1.2 | gegradueerde | | 1 | 2 | 1 | 1 |
| 1.3 | Hulle wou ŉ dogtertjie hê. | | 1 | 2 | 1 | 1 |
| 1.4 | Waglys | | 1 | 2 | 1 | 2 |
| 1.5 | 1.5.1 | ONWAAR | 1 | 2 | 1 | 2 |
| | 1.5.2 | Die naaste wat Jobs aan ŉ graad gekom het ... (DIT MOET ŉ SINSDEEL EN NIE ŉ SIN WEES). | 1 | 2 | 3 | 2 |
| 1.6 | Hy het geen geld gehad nie./Hy het op die kamervloer van ŉ vriend geslaap./Hy het (Coke)-bottels verkoop om kos te koop. | | 1 | 2 | 2 | 1 |
| 1.7 | Hy het sy kalligrafie-kennis gewys toe hy sy eerste Macintosh-rekenaar ontwerp het./Hy het die eerste rekenaar ontwerp met mooi tipografie./As hy nie die kalligrafie-klasse bygewoon het nie, sou rekenaars nie die mooi/wonderlike tipografie gehad het nie. | | 2 | 2 | 3 | 3 |
| 1.8 | *Apple* het gegroei van net (hulle) twee (werkers) in ŉ motorhuis tot ŉ $2 miljard-maatskappy met meer as 4 000 werknemers. | | 1 | 2 | 2 | 2 |
| 1.9 | Die feit dat hy afgedank word by ŉ maatskappy wat hy begin het. | | 1 | 2 | 1 | 2 |
| 1.10 | Sy toekomsvisie en die persoon wat hy aangestel het, het verskil/het ŉ uitval gehad./Die direkteure het by die ander werker/persoon gestaan. | | 1 | 2 | 1 | 2 |
| 1.11 | Hulle het die eerste rekenaargeanimeerde rolprent gemaak. | | 1 | 2 | 2 | 2 |
| 1.12 | Apple het NeXT (Jobs se maatskappy) gekoop. | | 1 | 2 | 2 | 1 |
| 1.13 | Hy het sy kop gestamp (sy werk verloor), maar hy het nie moed verloor nie./Hy het gesoek waarvoor hy lief was (in sy werk en sy liefde). | | 1 | 2 | 3 | 3 |
| 1.14 | Seldsame | | 1 | 2 | 2 | 2 |
| 1.15 | 1.15.1 | ONWAAR | 1 | 2 | 2 | 2 |
| | 1.15.2 | Ongeneeslik | 1 | 2 | 1 | 2 |
| 1.16 | Hulle het vir hom gebid./Hulle het aan hom gedink./Hulle het oor sy bydrae gedink. (ENIGE SOORTGELYKE AANVAARBARE ANTWOORD) | | 1 | 2 | 3 | 3 |
| 1.17 | As jy honger is, moet jy ŉ plan maak/iets doen om jou te versadig/honger te stil./As jy iets (in die lewe) wil hê, moet jy werk (planne maak) om dit te kry./As jy drome het, moet jy (probeer om) dit (te) verwesenlik. | | 1 | 2 | 2 | 3 |

**[20]**

**VRAAG 2: RESENSIE** [Verwerk uit: *Rapport*, 1 Junie 2010]

| VRAAG | MEMORANDUM | | PUNT | LU | AS | DENK-VLAK |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 2.1 | werk stremmend | | 1 | 2 | 1 | 1 |
| 2.2 | B/slegter word | | 1 | 2 | 2 | 1 |
| 2.3 | 2.3.1 | ŉ mening | 1 | 2 | 2 | 2 |
| | 2.3.2 | Dit is wat die skrywer voel./Dit is die skrywer se opinie./In sommige skole sal dit nie die geval wees nie. | 1 | 2 | 2 | 2 |
| 2.4 | 2.4.1 | Hoofde se regte om teen kinders op te tree is (van hulle) weggeneem. Hoofde het nie die mag om teen leerders op te tree nie. | 1 | 2 | 3 | 1 |
| | 2.4.2 | Die regering moet (dringende) stappe doen om dissipline terug te kry in skole (sodat daar op die onderwys in ons skole gefokus kan word). | 1 | 2 | 3 | 1 |

**[6]**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE** [Verwerk uit: *Huisgenoot*, 16 April 2012]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | LU | AS | DENK-VLAK |
|---|---|---|---|---|---|
| 3.1 | As daar ŉ (elektriese) krag verlies/onderbreking is, word Eskom altyd die skuld gegee./Dit is nie Eskom se skuld/probleem as jy fisiese of brein-krag verloor nie. | 1 | 2 | 2 | 3 |
| 3.2 | Om die leser se aandag te trek./Om die woord te beklemtoon./Om aan te dui dat die woord belangrik is. | 1 | 2 | 3 | 2 |
| 3.3 | Verloor | 1 | 2 | 2 | 1 |
| 3.4 | Jy moet turbovite neem. | 1 | 2 | 1 | 1 |

**[4]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 4: WENKE VIR SUKSES IN GRAAD 12

[Verwerk uit: Internet artikel: Graad 12-wenke vir sukses – WES-KAAP Onderwysdepartement.]

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

**ALGEMEEN**

- Lees die hele opsomming om ŉ geheelindruk van die opsomming te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
  - Indien ŉ poging in potlood aangewend word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
  - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied. ŉ Opsomming in die verkeerde formaat MOET nagesien word. (Sien PUNTETOEKENNING)
- Indien die opsomming te kort is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE.
- Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra woorde toegelaat. Ignoreer die res van die opsomming.
- Kandidate hoef nie ŉ TITEL te verskaf nie.
- Slegs feite wat in VOLSINNE aangebied word, verdien punte. ŉ Volsin het ŉ werkwoord/werkwoorde.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Direkte aanhalings is toelaatbaar.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Kandidate MOET die KORREKTE getal woorde aandui. Tel slegs indien dit duidelik is dat daar te veel woorde is en die kandidaat het nie die korrekte getal aangedui nie. (Sien PUNTETOEKENNING)
- Kandidate wat die getal woorde na elke sin neerskryf in plaas van aan die einde van die opsomming, voer nie die opdrag uit nie en word met een punt gepenaliseer.

**PUNTETOEKENNING**

| ALGEMEEN | PUNTE |
|---|---|
| - Feite | 7 |
| - Taal | 3 |

| TAAL | PUNTE |
|---|---|
| 1 – 3 feite korrek | 1 |
| 4 – 5 feite korrek | 2 |
| 6 – 7 feite korrek | 3 |

**SKRYF DIE PUNTE SOOS VOLG NEER (horisontaal/vertikaal)**

| | |
|---|---|
| **F** | **7** |
| **T** | **3** |
| | **10** |

**LET WEL:**

**Formaat:**
- Selfs indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied word, moet dit geassesseer word.
- Kandidate word nie gepenaliseer indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied is nie.

**Woordtelling:**
- Nasieners tel die getal woorde indien dit te lank lyk.
- Indien die kandidate se opsomming te lank is (meer as 70 woorde), word 5 ekstra woorde toegelaat en die res van die opsomming word nie nagesien nie.
- Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui nie.
- Indien die opsomming minder as die voorgeskrewe woorde bevat (minder as 70), maar dit bevat al die hoofgedagtes, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

| **DWELMS: COOL OF ʼn KILLER?** | |
|---|---|
| **Direkte aanhaling** | **Aanhaling/Moontlike verwerking** |
| 1. In Maart verlede jaar het die kwaito-ster Jub Jub en sy vriend Themba Tshabalala skokgolwe deur die land gestuur toe hulle vier skoolseuns vermoor het terwyl hulle deur Soweto resies gejaag het. Toe die polisie Jub Jub se bloed toets, het dit positief getoets vir morfien, asook kokaïene. | Geen feit nie. Slegs ʼn inleidende paragraaf. |
| 2. Mense wat eens na hulle opgekyk het, sê nou dat selfs lewenslange gevangenisstraf nie genoeg is vir wat hulle gedoen het nie. Hulle lewens en hulle loopbaan, soos hulle dit geken het, is verby – alles as gevolg van dwelms. Tieners maak ʼn reusegroot fout deur te dink beroemde persoonlikhede altyd “skoon” en is goeie rolmodelle. | Beroemde persoonlikhede is altyd skoon/dwelmvry en is goeie rolmodelle. |
| 3. In 'n onlangse (SANCA) verslag is geskryf dat soveel as een in elke drie Suid-Afrikaanse tieners elke jaar aan dwelms verslaaf raak. Die vreesaanjaendste deel is dat verslaafdes jonger en jonger word. "Ek weet dis skokkend, maar ek het heroïene en kokaïene in graad 5 begin gebruik," sê Luna (17). Die meeste ouers glo dat net volwassenes of ouer mense dwelms gebruik en dis heeltemal verkeerd. | Net volwassenes of ouer mense neem dwelms./Minderjarige neem nie dwelms nie. |
| 4. Sy sê verder: "Ek het nie baie oor dwelms geweet nie, en ek dink nie dat skole genoeg doen om ons te waarsku nie. As iemand met leerders in graad 7 oor dwelms kom praat, het die helfte van die klas dwelms al gebruik. Dit is dikwels te laat; daarom is die oortuiging dat skole baie doen om leerders teen dwelms te keer, nie reg nie.” | Skole doen baie om dwelmmisbruik te voorkom./om leerders teen dwelms te keer. |

| | |
|---|---|
| 5. Hoewel jy nie onmiddellik vrot tande en merke op jou gesig soos Amy Winehouse sal kry nie, begin die newe-effekte van die eerste keer wat jy dwelms gebruik. Dat jy altyd sigbare tekens op ŉ dwelmverslaafde sal sien, is ver weg van die werklikheid af. | Jy sal altyd (sigbare) tekens op dwelmverslaafdes sien./Daar is altyd tekens op verslaafdes wat jy sal kan sien. |
| 6. "Of jy 'n verslaafde is of nie, gaan enige dwelm 'n negatiewe effek hê", sê Grant Jardine, direkteur van die Cape Town Drug Counselling Centre. Baie mense glo dat ŉ bietjie dwelms "nou en dan" geen skade doen nie. Die feit is of jy ŉ verslaafde is of jy net op "spesiale geleenthede" dwelms neem, sal jy die negatiewe effekte ervaar. Die waarheid is dat dwelms jou lewe kan verwoes – en selfs jou dood veroorsaak. | As jy nou en dan/op spesiale geleenthede dwelms gebruik, sal jy nie (geen) negatiewe uitwerking/effekte ervaar nie. |
| 7. Wees versigtig oor die leuens wat oor dwelms vertel word, byvoorbeeld as iemand sê: "Ek het dit by die apteek gekry, so dit is nie regtig dwelms nie." Dis die grootste onsin. Sommige van die gevaarlikste dwelmmiddels kan by enige apteek gekry word. Wees dus versigtig as iemand jou iets van ŉ apteek aanbied. | As jy iets van ŉ apteek kry, is dit wettig/goed/nie dwelms nie. |
| 8. Baie mense glo dat dwelms net by donker straathoeke en plakkerskampe verkoop word. Die gebruik en verkoop van dwelmmiddels is nou volop. 'n Dokter kan dit voorskryf of dit kan by ryk buurte, winkelsentrums of langs die strand verkoop word. | Dwelms word net by donker straathoeke en plakkerskampe verkoop/beskikbaar. |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

### ASSESSERINGSRIGLYNE

### WOORDSTRUKTURE

- Spelling moet korrek wees om punte te verdien.
- Die standaardvariant geld.

### SINSTRUKTURE

- Die **ge- moet as EEN WOORD** met die werkwoord geskryf word.
- Die **te** moet in verbinding met die infinitief as **twee woorde** geskryf word.
- Verder tel spelling glad nie.
- Streektaal kan nie in ag geneem word nie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin soos volg moet begin, hoef die hele sin nie uitgeskryf te word nie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin moet oorskryf, moet die hele sin uitgeskryf word.

## VRAAG 5: STROKIESPRENT

[Spotprent uit: *Beeld*, 18 Julie 2011]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | LU | AS | DENK-VLAK |
|---|---|---|---|---|---|
| 5.1 | onderwysers ✓ | 1 | 4 | 1: Gebruik suiwer Afrikaanse woord. | 1 |
| 5.2 | oor ✓ | 1 | 4 | 1: Gebruik voorsetsel korrek. | 1 |
| 5.3 | regterhand ✓ | 1 | 4 | 1: Vorm samestelling korrek. | 1 |
| 5.4 | Die hoof raak kwaad aangesien die kinders hulle selfone in die klas **gebruik** ✓✓ daarom **wil** hy die gebruik van alle selfone **verbied**. ✓<br>OF<br>Aangesien die kinders hulle selfone in die klas **gebruik**, ✓ **raak** die hoof kwaad ✓ daarom **wil** hy die gebruik van alle selfone **verbied**. ✓ | 3 | 4 | 2: Gebruik voegwoorde akkuraat. | 2 |
| 5.5 | Die onderwyseres **het** nie **ge**weet wat om te doen nie ✓ daarom **het** sy haar kop **ge**hou. ✓ | 2 | 4 | 2: Gebruik verlede tyd korrek: **het** ... **ge**weet(1)/**het** ... **ge**hou.(1) | 3 |
| 5.6 | **Met wie** praat die onderwyseres**?** ✓<br><br>(GEEN PUNT AS VRAAGTEKEN ONTBREEK) | 1 | 4 | 2: Gebruik vraagsinne korrek: Begin met vraagwoorde **Met wie** met vraagteken aan die einde van sin.<br>**Geen punt asvraagteken ontbreek.** | 1 |
| 5.7 | Bel/Skakel my asseblief. ✓ | 1 | 4 | 1: Korrekte vertaling van engels. | 1 |
| 5.8 | bestee ✓ | 1 | 4 | 2: Gebruik korrekte vaste uitdrukking. | 1 |
| 5.9 | etenstyd ✓ | 1 | 4 | 1: Vorm samestelling deur verbindingsklanke. | 2 |
| 5.10 | Die kinders hoef **nie** hul selfone in die klas **te** gebruik **nie**. ✓ | 1 | 4 | 2: Gebruik onbepaalde wyse soos infinitief: hoef +nie +te +ww +nie. | 1 |
| 5.11 | Die kindertjies gebruik ook hul selfone **tydens pouse sonder toestemming in die eetsaal**. ✓<br><br>(DIE HELE SIN MOET OORGESKRYF WORD) | 1 | 4 | 2: Gebruik woordorde korrek let op bywoord van tyd, wyse en plek. | 1 |
| 5.12 | vier-en-veertig/vier en veertig ✓ | 1 | 4 | 1: Skryf die korrekte skryfwyse vir telwooorde. | 1 |
| 5.13 | stampvol ✓ | 1 | 4 | 1: Gebruik intensiewe vorm korrek. | 1 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 5.14 | Die gebruik van selfone word deur die hoof verbied. ✓<br>OF<br>Die gebruik van selfone word verbied deur die hoof. ✓<br>OF<br>Die gebruik van selfone word verbied. ✓ | 1 | 4 | 1: Gebruik passiewe vorm gepas en korrek. Begin met voorwerp gevolg deur **word verbied**.<br>(**deur die hoof** is opsioneel. | 2 |
| 5.15 | Pa sê aan Alice dat **sy** nie **haar** ✓ selfoon skool toe **moet** neem nie. ✓<br><br>(1 punt : jy>sy en jou>haar<br>1 punt: korrekte woordorde) | 2 | 4 | 1: Gebruik indirekte rede met **dat** (vgw. 3) **moet** skuif na einde van sin voor ww. (**neem**).<br>Vnwe. **jy**>**sy en jou**>**haar**. | 2 |
| 5.16 | elmboë ✓ | 1 | 4 | 1: Gebruik meervoude korrek. | 1 |

**[20]**

**VRAAG 6: STROKIESPRENT** [Spotprent uit: *Proscan*, Internet, 1 September 2010]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | LU | AS | DENK-VLAK |
|---|---|---|---|---|---|
| 6.1 | sonnige | 1 | 4 | 1: Gebruik die korrekte verbuiging van die byvoeglike naamwoord. | 1 |
| 6.2 | wolkies ✓ | 1 | 4 | 1. Gebruik verkleiningsvorm korrek. | 1 |
| 6.3 | koudste ✓ | 1 | 4 | 1: Gebruik trappe van vergelyking korrek. Oortreffende trap: **koud**>**koudste** | 1 |
| 6.4 | Mense by George moet hulle reënjasse aantrek, want dit gaan baie hard reën. ✓ | 1 | 4 | 1: Gebruik voegwoorde akkuraat. **want** (voegw. Groep 1) geen verandering in wo. nie. | 2 |
| 6.5 | grade ✓ | 1 | 4 | 1: Skryf simbool voluit. | 1 |
| 6.6 | westewind ✓ | 1 | 4 | 1: Vorm samestelling | 1 |
| 6.7 | Mense **is** aangeraai om hul jasse te dra. ✓ | 1 | 4 | 2: Gebruik verlede tyd (lydende vorm) korrek. | 2 |
| 6.8 | Daar is **nie meer** reën wat van die Indiese Oseaan kom **nie**. ✓ | 1 | 4 | 1: Gebruik die geslagsvorm korrek. | 1 |
| 6.9 | beter ✓ | 1 | 4 | 1: Gebruik trappe van vergelyking korrek. Vergrotende trap: **goed** > **beter**. | 2 |
| 6.10 | aflaai ✓ | 1 | 4 | 1: Gebruik antonieme gepas. | 1 |

**[10]**

**VRAAG 7: STROKIESPRENT** [Verwerk uit: *Rapport*, 7 Augustus 2012]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | LU | AS | DENK-VLAK |
|---|---|---|---|---|---|
| 7.1 | Die vrou vra vir haar man **hoekom hy** ✓ nie 'n politikus **word** nie. ✓ | 2 | 4 | 2: Gebruik indirekte rede korrek. Begin met vraagwoord **hoekom** en **jy** > **hy** en ww. (word) skuif na einde van sin. | 2 |
| 7.2 | Die spoedboetes **is** altyd deur die man geïgnoreer. ✓ | 1 | 4 | 1: Gebruik verlede tyd korrek: **word** > **is**. | 1 |
| 7.3 | Die man hou **daarvan om** bier **te** drink. ✓ | 1 | 4 | 2: Gebruik infinitief korrek:<br>**daarvan om** voor **bier** en **te** voor ww. **drink**. | 3 |
| 7.4 | slapende ✓ | 1 | 4 | 2: Gebruik deelwoorde: Teenwoordige deelwoord. slaap + ende = slapende | 2 |
| 7.5 | tande ✓ | 1 | 4 | 1: Gebruik idiomatiese uitdrukking korrek. | 1 |
| 7.6 | Die vrou sê aan haar man: "**Jy het** nie **jou**✓ spoedboetes betaal nie."✓<br><br>(1 punt: hy>jy en sy>jou<br>1 punt: korrekte woordorde) | 2 | 4 | 2: Gebruik direkte rede.<br><br>(1 punt: hy>jy en sy>jou<br>1 punt: korrekte wo.) | 1 |
| 7.7 | Betaal jou spoedboetes.<br>Betaal jou spoedboetes!<br>Jy moet jou spoedboetes betaal!<br>Jy móét jou spoedboetes betaal. | 1 | 4 | 2: Gebruik verskillende sinsoorte. Bevelsin begin met ww. **betaal** uitroepteken of punt aan einde van sin.<br>OF gebr.**moet** (sonder aksentteken) en **uitroepteken**. OF met **móét** met aksentteken. | |
| 7.8 | Hulle praat net./Hulle doen niks nie./Hulle ignoreer (betaal nie) hulle spoedboetes (nie)./Hulle slaap en eet byna die hele dag./Hulle doen geen werk nie./Hulle word verniet betaal. ✓ | 1 | 4 | 3: Identifiseer stereotipering. | 3 |

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**